# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EERSTE UITGAWE 2021

# "Pawiljoensaal!" Die nuwe normaal?



Lees meer op bl. 2

## AKADEMIE



AHS bied nou ook robotika aan vir leerders wat in dié toekomsgerigte vakgebied belangstel. Volgens me. Hannie van der Merwe word daar elke Dinsdag- en Donderdagmiddag in groepsverband vir die seuns klasse aangebied en die plan is om dié vak mettertyd uit te brei.
Op die foto bo is Neil van Zuydam en Arno van Schalkwyk, besig om 'n robot te bou.

## NUUS



Affies se opedag was vanjaar op 'n Saterdag en vanweë Covid-19 ook in 'n ander formaat. Dit het egter nie aan die geesdrif vir die dag afbreuk gedoen nie. Besoekers het in hulle honderde opgedaag om 'n gesellige oggend saam met Affies te geniet met lekker koffie, vrolike orkesmusiek, skooltoere en stalletjies. Op die foto hierbo vertel Tian Muller 'n toergroep meer oor die kunstekampus.

## SPORT



Die sweminterhuisbyeenkoms het vanjaar op 23 Februarie plaasgevind en selfs sonder die aanmoediging van die gewoonlik raserige toeskouers, het die Koedoes vanjaar die Hartbeeste se segetog van agt jaar verbreek en met die wentrofee weggestap. Christiaan Esterhuysen (graad 8), was junior Victor Ludorum en Janno Bouwer is as senior Victor Ludorum aangewys. Op die foto bo is Jacques Senekal en sy Koedoe-spanmaat Auleighn vd Wissel.

# Redaksioneel

Janno Bouwer

"Die rooi, die geel en die groen" kon uiteindelik weer deur 1 300 seuns geskreeu word! Van dag een af was die Affies gereed om van dié jaar die beste nóg te maak.

Alhoewel 2021 veel anders as ander jare begin het, het dit Affies nie gekeer om sy lig op vele terreine te laat skyn nie. Die atlete, swemmers en waterpolo-, krieket-, tennis- en rugbyspelers het almal hul talente binne en buite skoolverband ten toon gestel. Die verskeie kultuuraktiwiteite kon ook weer na 'n redelike vlak van normaliteit terugkeer.

Inus Lutz, redakteur in 2013, het die volgende gesê:"

Ons wortels is diep in die verlede ingegroei… die stokkie word jaar na jaar oorgegee. Dít het die basis gelê vir vandag se prestasies. Kundigheid en wysheid, trots, tradisie en toewyding het 93 (vanjaar 101) jaar gelede begin wortel skiet en het 'n band tussen broers gevorm wat onbreekbaar is. Broers het vir mekaar en vir hul skool begin leef en só tot hoër hoogtes uitgestyg. Op dié wyse het elke groep, elke generasie, tot die sukses wat ons vandag beleef, bygedra."

Affie-manne, leef vir jou broer en vir jou skool, sodat ons tot hoër hoogtes kan styg.

## REDAKSIE 2021

Janno Bouwer (redakteur), Jonty Bleeker (adjunkredakteur: Sport), Albert Retief (adjunkredakteur: Kultuur), Marco Arndt, Ignus Ferreira, Henko Brits, Janco Botes, Deon Spies, Reenen Herbst en Heinrich Immelman

# AFFIES PRAAT HULLE TAAL!

Heinrich Immelman

Met nóg 'n skooljaar wat weens Covid-19 vir almal onsekerheid gebring het, is daar twee Suid-Afrikaanse Europeërs wat oor één saak baie seker was. Hulle wou Affies wees.

Ruben van der Wind (graad 12) van Nederland en Daniel d'Assonville (graad 11) van Duitsland, het aan die begin van die jaar by Affies aangesluit en hulle albei beskou dit as een van die beste besluite van hul lewens.

Ruben woon in Gouda, 'n stad naby Amsterdam en sê hy vind die Afrikaanse kultuur al sy lewe lank baie interessant. Daarom het hy toe aan die einde van 2020 besluit om na Suid-Afrika te reis en die kultuur eerstehands te beleef. Hy het reeds sy skoolloopbaan in Nederland voltooi, maar wou ook graag 'n Suid-Afrikaanse matriek-sertifikaat verwerf. En dis hoe sy pad toe met dié van Affies gekruis het. Hy hoop om eendag 'n vlieënier te word en wil graag sy opleiding in Suid-Afrika doen.

Daniël woon op sy beurt al vandat hy vier jaar oud is in 'n klein dorpie naby Frankfurt. Hy sê mense vra hom altyd wat hier in Suid-Afrika ánders is en hy som dan sy antwoord in een woord op – alles. Die voorkoms van enkelge-slagskole, die kort skoolure en die eenvormigheid wat skoolklere bied, is dinge wat hy uitsonder. Hoekom Affies? Hy het hierheen gekom vir die geloof, kultuur, sport en dan natuurlik die gees. "Affies het my geleer wat is hoendervleis."

Daniel moet nog graad 11 en 12 in Duitsland doen, maar hoop om dan (soos sy twee ouer susters en broer) in Suid-Afrika te kom studeer.

*Stroom-op* wou ook by dié twee weet wat vir hulle uitstaan by Affies? Albei se antwoord: "Die dissipline wat gehandhaaf word wat hand aan hand loop met respek vir die skool en sy tradisies." Wat Suid-Afrika in die algemeen betref, hou hulle van Afrikaanse mense en musiek en ook die kos en die weer. Wat mis hulle? 'Familie," sê die twee, "maar dis omtrent al. Dis verskriklik lekker hier."

Welkom by Affies!



Ruben van der Wind en Daniel d'Assonville

# *Stroom-op*-redaksie ontvang nuusleser

Albert Retief

Die *Stroom-op*-redaksie het die bekende E-nuus-aanbieder, Daniella van Heerden, op 16 Maart by die skool verwelkom. Sy het 'n aanbieding gedoen oor wat dit verg om 'n goeie joernalis te wees en hoe om onderhoude te voer, berigte te skryf en dit te redigeer. Sy het ook meer vertel oor die werk en pligte van 'n TV-aanbieder.

Die redaksielede het haar toe met baie uiteenlopende en interessante vrae gepeper. Hulle wou meer weet oor die veiligheid van joernaliste, stories wat 'n indruk op haar gemaak het en watter uitdagings haar werk bied. "Eerstens is geen storie ooit jou lewe werd nie," het sy gesê. "Joernalistiek bied daagliks vele uitdagings en opwinding, aangesien jy nooit weet waarheen 'n nuwe storie lei of wie jy volgende gaan ontmoet nie. 'n Hoogtepunt in my joernalistieke loopbaan tot dusver was die begrafnis van oud-president Nelson Mandela, wat ek in 2013 gedek het."

*Stroom-op* se redakteur, Janno Bouwer, het haar ook uitgevra oor haar boek *As jy Droom* wat onlangs die lig gesien het. Daniella het die manne uitgenooi om, sodra die Covid-regulasies dit toelaat, KykNet se splinternuwe ateljees te besoek om te sien hoe hulle 'n nuusprogram aanmekaarsit.



Die redaksie was ook vanjaar bevoorreg om die sessie in die gemak van die nuwe konferensielokaal van die Appelkas te kon bywoon. Voor is Janno Bouwer (redakteur), Daniella van Heerden en Deon Spies. Agter is Marco Arndt, Ignus Ferreira, Heinrich Immelman, Henko Brits, Albert Retief (adjunkredakteur: Kultuur), Reenen Herbst en Jonty Bleeker (adjunkredakteur: Sport).

# Ja, dit ís 'n perd wat runnik!



As jy deesdae die gerunnik van perde op die Affie-terrein hoor, is dit nie jou verbeelding nie. Interactive Securities is onlangs deur AHS, AHMP, PHSG en die Blou Bulle Rugby-unie as nuwe sekuriteitsfirma aangestel om die omgewing te beveilig. AHS verskaf verblyf aan twee pragtige swart perde, Bella en Majuba, waarmee die omgewing gepatrolleer word. Op die foto bo is mnr. Phyllys Xolo op Bella.

# Nuwe beheerliggaam

Ouers het op 24 Maart in groot getalle vir 'n nuwe beheerliggaam kom stem en die skool het reeds teen 15:00 aan die kworum-vereistes voldoen. Mnre. Marno Boshoff, Schalk Bruwer, Jacques de Beer, Marius Jooste, dr. Henry Kelbrick, Deon Koegelenberg, Jan-Lodewyk Pretorius, Ettienne Strydom en me. Isabel Nel sal vir die volgende drie jaar op Affies se beheerliggaam dien. Die personeelverteenwoordigers is mee. Gerda Kleynhans, Elmarie van Loggerenberg, mnr. Schalk Wessels en me. Louisa Koen (nie-doserend).

# Saalbyeenkoms op pawiljoen

Marco Arndt



Soos talle ander tradisies, word die saalopening vanjaar ook op 'n nuwe wyse aangepak. Op Vrydae is daar nou "pawiljoenbyeenkoms" in die buitelug waar die seuns sosiale afstand kan handhaaf. Die gewone orrelspel en orkesbegeleiding is ook vervang met opge-neemde musiek, maar almal kan steeds uit volle bors saamsing, ook omdat die woorde van die liedere op WhatsApp aan die seuns en personeel gestuur word. Die klankstelsel by die A-veld wat verlede jaar opgegradeer is, kom nou baie handig te pas. Volgens mnr. Joynt kan die Affies dalk ook maar gewoond raak aan dié nuwe manier van doen, veral as 'n mens die toename in getalle by die skool in ag neem.

# Tannie Judith tree af



Dillon Smith (hoofseun) oorhandig tydens die pawiljoenbyeenkoms 'n bos blomme aan me. Coetzee.

Ná 42 en 'n half jaar by Affies het me. Judith Coetzee (of tannie Judith, soos almal haar ken) einde April die tuig neergelê.

Wat diensjare betref, is sy een van die rekordhouers.

Me. Coetzee (self 'n oud-Affie) het as vier en twintigjarige as tikster by die skool begin werk. Sy onthou nog goed hoe hul die personeel se tikwerk (veral vraestelle) op wasvelle moes doen, wat dan afgerol en uitgedeel is.

Met die uittrede van me. Elmarie Theron in 2011, het me. Coetzee in die hoof se kantoor begin werk en só onthou die meeste Affies haar – geduldig en vriendelik agter die lessenaar, oor die telefoon en ook agter die mikrofoon vir afkondigings.

Me. Coetzee was ook Affie-ma van Jeanné (AHMP-matriek 2003) en Henry (2008).

Tannie Judith, ons gaan jou mis!



Me. Coetzee saam met mnr. Roesch (1974-1984)...



...dr. Edwards (1992-2017)...



...en mnr. Peregrine Joynt (sedert 2018).

# AFFIES GROET GELIEFDE JUFFROU MAGRIET

Albert Retief

Hoe sê mens totsiens vir 'n onderwyseres wat met haar liefdevolle geaardheid en sagte hart diep in ons harte ingekruip het?

As redenaarsafrigter het juffrou Malan heelwat jong-manne help slyp aan hul redenaarsvaardighede. Ek onthou die vele vroeë, koue oggende saam met haar op Menlopark se staalbankies voor 'n ATKV-kompetisie.

Juffrou Malan se passie vir musiek sal my ook bybly. Haar betrokkenheid by Affies se strykorkeste is iets om voor dankbaar te wees. Ek sal ook nooit vergeet hoe sy deel was van die ensemble wat "Vreugde, Vreude, Juig van Vreugde" vir dr. Edwards op sy verjaarsdag gespeel het nie.

By die toneelgroep was juffrou Malan ons grootste ondersteuner. By elke optrede was sy daar – darem een Affie-gesig wat ons kon herken. Ek sal ook nooit vergeet hoe sy met eetgoed vóór groot kompetisies opgedaag het nie – veral met "hotdogs" en nartjies.

Juffrou Malan was ook in 'n stadium die *Stroom-Op* se voog en het die redaksie die laaste jare ook met proefleeswerk gehelp.

Dankie, Juffrou, vir al die tyd en energie wat Juffrou oor die jare heen aan 'n ieder en elk by Affies spandeer het.



13 SEPTEMBER 1963 TOT 3 MAART 2021

## 'N ENGEL TUSSEN ONS

Aan Juffrou Malan (deur oud-Affie Dylan Lee)

Vandag het 'n siel na aan ons verhuis
Ver van ons stiltes en stadsgedruis
Na 'n plek anders as dít wat ons ken
Maar steeds in ons koppe beier haar stem.

'n Engel tussen ons het weer teruggekeer
Weg van die ellende, swaarkry en seer
Terug na die plek waar sy liewer hoort
Tussen mede-engele van dieselfde soort.

Moeder van die gebroke siele wat hier agterbly
In haar afwesigheid troos en maan sy
Want haar nalatenskap is soos goud
Want sy was die wêreld se lig en sout.



Me. Malan saam met haar orkeskollegas tydens 'n oefenkamp.
Van links is mee. Ronel du Plessis, Mitze Dill, Adéle Potgieter en mnr. Floris Smith. Me. Carmi Viljoen staan langs me. Malan.

# Nóg 'n toekom-stige Affie

Me. Carmi Viljoen, viool-onderwyser, het verlede jaar op 15 Oktober 'n seun, Thomas, ryker geword. Hier is die twee vroeër vanjaar voor die kunstekampus.



# MATRIEKS VAN 2020 PRESTEER PUIK

Affies se 2020-matrieks (277 kandidate) het ʼn slaagsyfer van 99,6% behaal. 94,9% het met universiteitstoelating geslaag. Die groep het 557 onderskeidings behaal, waarvan 122 bo 90% was. Die gemiddelde persentasie (alle kandidate en alle vakke bereken) was 70%.



**Ian Mc Donald**



**Edmund du Plessis**
Gemiddeld van 94,3%



**Christiaan Swanepoel**
Gemiddeld van 93,6%



**Adriaan van Wyk**
Gemiddeld van 91,4%



**Waldo Pienaar**



**Johann Roode**



**NJ Pretorius**



**AD Kotzé**



**Nicolaas vd Merwe**

# Kunsuitstappie na die Javitt Kunstesentrum

Die graad 12-kunsklas het onlangs die Javitt Kunstesentrum by UP besoek. Afgesien van die permanente uitstalling by die sentrum, het die klas ook die geleentheid gehad om ʼn multimedia, konseptuele uitstalling van die bekende kunstenaar Willem Boshoff te besigtig.

Dié kunstenaar is een van Suid-Afrika se voorste konseptuele kunstenaars en gebruik ʼn groot verskeidenheid media, soos beeldhouwerk, installasies en drukwerk.

Sy werk reflekteer sy groot belangstelling in tale, woorde, plante, die natuur, materiale, wetenskap, politiek en vele meer.

Volgens mnr. Van Emmenis maak dié tipe uitstalling en kuns deel uit van die matrieksillabus en die seuns moes elkeen ʼn werk uitsoek en dit dan volledig bespreek.



Klippe uit die verskillende provinsies van Suid-Afrika. Voor is mnr. Philip van Emmenis, JP Meerholtz, Van-Lee Beest, Nick Moeketsi en agter Jan Nel, Kurt Nel, Basjan Harmse, Henré Sweers en Zander Müller voor ʼn werk van Willem Boshoff.



Van-Lee Beest by nóg ʼn interessante kunswerk by die Javitt wat vanself spreek.

# Pa én seun leer Wiskunde by me. Van Loggerenberg

Me. Elmarie van Loggerenberg se ervaring as Wiskunde-onderwyser spreek boekdele. Sy gee vanjaar Wiskunde vir Jan-Paul van der Westhuizen en het gou agtergekom dat sy pa, Paul, ook as jong seun in Middelburg by haar agter die skoolbanke was. Dit was haar eerste pos as jong onderwyser. Hier is die drie vroeg vanjaar in haar klas afgeneem. Me. Jana van der Westhuizen (IKT-onderwyser) is onderskeidelik ma en eggenote van dié twee manne.



# Welkom!



Vyf nuwe personeellede het vroeg vanjaar by Affies aangesluit. Voor sit mnre. Wiam Grimes (Ekonomie en Rekeningkunde) en Bernard van der Merwe (IGO). Agter staan me. Christelle Kurten (ontvangsdame) en mnre. Kenny Erasmus (RTT) en Colin Fielding (hokkie).



Nóg drie personeellede het in Mei met die aanvang van die tweede kwartaal by die skool ingeskakel. Van links is mee. Susan Gelderblom (sekretaresse), Marissa van Wyk en Lira Beukes (albei Afrikaans-onderwysers).

# PRYSE VIR BREINKRAG EN UITHOUVERMOË!

Marco Arndt

Vanjaar se prysuitdeling vir 2020 se akademiese prestasies het op 17 Maart plaasgevind. Die 2020-dux-leerlinge was Ruben Pienaar (graad 8) met ʼn gemiddeld van 89.8%, Wian van Rooyen (graad 9) met 94,1%, Joshuan du Toit en Mikail Köhler (graad 10) albei met 95.6% en Jan Wiese (graad 11) met ʼn gemiddeld van 95.9%.

Me. Elmarie van Loggerenberg ontvang by dié geleentheid ook ʼn personeelmedalje vir haar besonderse 30 jaar diens aan die skool. Reinhardt Ludwig (hoofseun 2020) is die waardige ontvanger van die Ideale Affie-toekenning - ʼn eerbewys aan iemand wat deurentyd die belange van ander bo sy eie gestel het. Elke matrikulant wat vyf en meer onderskeidings behaal het, het ook die aand bygewoon en ʼn oud-Affie pet van die oud-Affiebond ontvang.



Ruben Pienaar (graad 8)



Wian van Rooyen (graad 9)



Mikail Köhler (graad 10)



Joshuan du Toit (graad 10)



Jan Wiese (graad 11)

# SPLINTERNUWE PRODUKSIE-FASILITEIT EN -KURSUS VIR AFFIES



Deon Spies

Die musiekdepartement gaan nou ook aan leerlinge die unieke geleentheid bied om meer oor die tegniese aspekte van musiekproduksie te leer.

Volgens mnr. Arnold Cloete (hoof: Uitvoerende Kunste) bestaan die produksiefasiliteit al 'n geruime tyd. Dit kon egter nie tot sy reg kom nie, omdat die skool onseker was of die fasiliteit uitverhuur moes word.

Daar is egter nou besluit om die fasiliteit optimaal te benut, onder andere met die instelling van 'n musiekproduksiekursus onder leiding van mnr. Sean Manley.

Die eerste drie klasse het in Maart en April plaasgevind. Elf leerders in graad tien en graad elf onderskeidelik, woon vanjaar die kursus by.

Die plan is om dit jaarliks vir hierdie grade aan te bied en om dit só uiteindelik vir alle leerders toeganklik te maak.

Met die nuwe produksiefasiliteit sal Affies ook voortaan sy eie koor- en orkesproduksies kan skep en tegelykertyd aan leerders die geleentheid bied om 'n nuwe vaardigheid aan te leer.

## *Aardklop Aubade goed op stryk*

Albert Retief



Die Aubade-konserte wat in samewerking met Aardklop en RSG by Affies aangebied word, gaan (selfs met die beperking op die getal toeskouers) van krag tot krag en gee ook aan Affie-musikante wonderlike blootstelling.

Die eerste konsert met Ockie Vermeulen, Lizelle le Roux en Charl du Plessis het reeds verlede jaar op 13 Desember plaasgevind. Die konsert met Nataniël, Werner Spies en Charl du Plessis op 7 Maart het ook groot aftrek gekry en is opgevolg met die optrede van die klassieke pianis, Megan-Geoffrey Prins op 18 April. Die bekende Wits Trio met Zanta Hofmeyr (viool), Malcolm Nay (klavier) en Susan Mouton (tjello) het op 3 Mei hul buiging gemaak.

Rohan Grobbelaar (altsaksofoon), Ben van Zyl (perkussie), Gerno Strydom (trompet), Wentzel Lotriet (tjello) en Julian Engelbrecht (klavier) het Affies se musiekdepartement by die onderskeie geleenthede verteenwoordig en het almal met groot sukses hul slag gewys. Julian het aan *Stroom-op* gesê dat die stres voor die tyd kwaai was, maar dat hy darem kon ontspan toe hy begin speel.

## English Olimpiad toets kritiese denke

Albert Retief

Tien Affies het in Maart aan die English Olimpiad deelgeneem en behoorlik hul slag met die Rooitaal gewys. Albert Retief (graad 12) het goud (70-79%) verwerf en hy is slegs die tweede Affie wat dit tot op hede kon regkry. Reenen Herbst, Janno Bouwer, Devon Marneweck, Alex Bond, Markus Loots en Mark Conradie het ook uitstekend presteer en almal behaal silwer toekennings (60-69%).

Die English Olimpiad is 'n nasionale kompetisie waartydens leerders die geleentheid kry om kreatief te reageer op bekende literêre werke. Die tema vir 2020 was "Consequences". Elke leerder het 'n bundel met 'n versameling gedigte, kortverhale en dramas ontvang. Hulle moes dit bestudeer en 'n akademiese opstel skryf waarin hulle die werke krities bespreek. Die topkandidate landswyd staan dan 'n kans om 'n beurs aan die Rhodes Universiteit los te slaan.



Voor sit Markus Loots, Albert Retief, Reenen Herbst, Alex Bond en agter is Janno Bouwer, Devon Marneweck en Mark Conradie.

## *Koor-oefendag*

Marco Arndt



Die Affie-koor het hulle jaarlikse oefendag vanjaar op 11 April by die skool gehou. Wat gewoonlik vir die voornemende Affies die eerste voorsmaak is van hoe dinge by Affies lyk, het vanjaar weens Covid-19 veel later plaasgevind. Die nuwelinge is wel op dié dag op die tradisionele manier aan die koor voorgestel.

Die koorlede het die lang dag geniet met 'n middagete by die koshuis en 'n swemgeleentheid met 'n aflos tussen die verskillende stemgroepe. Alhoewel die koor weer iets van die "normale" kon ervaar, was maskers egter deel van die oefening en waarskynlik ook van optredes in die nabye toekoms.

## Redenaars hou uitdunne

Janco Botes

Affies se skerptonge het vanaf 24 Februarie tot 2 Maart uitdunne gehou om die skerpstes onder die skerpes uit te snuffel. Uit die 42 sprekers wat aan die uitdunne deelgeneem het, is 12 juniors en 12 seniors geïdentifiseer om Affies se naam in 2021 by die digitale ATKV-kompetisie hoog te hou. Daar is ook drie addisionele taalsprekers – twee seniors en een junior – wat deelneem.

Die onderwerpe was onder andere "Lees", "Instinktief", en "Seine". Die Radikale Redenaarsfees wat later vanjaar ook digitaal plaasvind, sal aan nóg meer sprekers die geleentheid bied om deel te neem.

## Orkeslede weer saam vir die eerste keer

Janno Bouwer



Die stryk- en konsertorkeste kon op 13 en 27 Maart onderskeidelik vir die eerste keer in amper 'n jaar saam musiek maak tydens die oefendae by die skool.
Hierdie geleenthede het die gebruiklike orkeskampe vervang, maar niks kon die manne se geesdrif demp nie. Die orkeste hoop om binnekort met hul optredes weer aan die Affies se hartsnare te pluk.

## Ouditorium kry teatergordyne

Deon Spies

Die musiek-ouditorium het 'n stel splinternuwe teatergordyne, wat uit Duitsland ingevoer is, gekry.

Die nuwe gordyne dra by tot beter akoestiek in die ouditorium en vervang die tydelike materiaal-bedekking wat tot dusver gebruik is. Dit maak die lokaal ook uiters geskik vir teaterproduksies.

Met hierdie nuutste opgradering raak die ouditorium 'n aantreklike opsie vir uitverhuring en bring dit só ekstra inkomste vir die skool.

# ‘N NUWE BAADJIE VIR ALMAL

Jonty Bleeker




Toe die stemme van die nuwe graad-8’s op 8 Februarie op die skoolgrond begin weerklink, het die rooibaksteenmure stadig maar seker uit die Desembervakansiesluimering begin wakker word. Reeds ‘n week voordat die ander grade die jaar sou aandurf, het die graad-8’s se reis as nuwe Affies begin.

Soggens vroeg het hul onder leiding van die Affie-personeel ‘n akademiese inskakelingsprogram gevolg en smiddae is hulle die geleentheid gegee om hul staal te wys by die atletiek-, krieket- en swemproewe. Terselfdetyd het die graad-8’s natuurlik ook hul meesters ontmoet en beter leer ken.

‘n Nuwigheid vanjaar was die “amazing race” op die skoolterrein om die graad 8’s se nuutgevonde kennis van die Plaas te toets.

Die groentjies is op Maandag 1 Maart op die pawiljoen ingehuldig nadat die geleentheid die Vrydag uitgereën het. Al het elke graad aggie ‘n masker gedra, kon dit nie hul opgewondenheid oor hul nuwe lewe by Affies wegsteek nie.

# Oud-Affie klim die rugbyleer



Reinhardt Ludwig, hoofseun 2020, is onlangs gekies as lid van die Blou Bulle se senior span.

Afgesien van dié eer is hy ook as een van 41 spelers van die Suid-Afrikaanse Rugby-unie (SARU) wat uitgenooi is om van 7 April tot 30 Junie ‘n akademie by die Stellenbosch Akademie vir Sport by te woon. Die Akademie word gesien as een van die belangrikste pilare in die ontwikkeling van jong rugbytalent in Suid-Afrika.

# *Oom Tommie trotseer Mosselbaai Zipline*





Die Mosselbaai Zipline is die langste wat oor die see strek ter wêreld, maar dit het oud-Affie Thomas Champher (matriek 1943) nie afgeskrik nie! Om sy 95ste verjaarsdag te vier, het oom Tom, soos hy algemeen bekend staan, in Februarie die oudste persoon geword wat tot op hede dié avontuur aangepak het.

Die vorige rekordhouer was die twee en negentigjarige me. Gaynor Canning wat op haar verjaarsdag in Februarie 2020 die rekord opgestel het. Oom Tommie het egter nie op hom laat wag nie en was op sý verjaarsdag op 18 Februarie gereed om die rekord te laat spat.

Omring deur kinders, vriende en selfs die burgemeester van Mosselbaai, is daar groot makietie gehou. Die wind was egter op dié dag te sterk en die uitdaging moes na die volgende dag uitgestel word. Op 19 Februarie was die omstandighede reg en oom Tom het die oudste persoon geword wat dié zipline aangepak het.

Oom Tommie was vir baie jare die eienaar van Tommie Champher Motors (Volvo) oorkant die SAUK in Johannesburg. Sy belangstelling in motors het oorgespoel na tydrenne en hy het totdat hy sestig geword het aan meer as 300 tydrenne in Suid-Afrika en Mosambiek deelgeneem – meestal as navigator.

# Die manne agter die roomys

Janno Bouwer



Baie Affies hoor sekerlik pouses die roomysklokkie lui en wonder dalk wat die storie agter die storie is. Franco Lottering en Marco Rossouw is die twee besigheidsmanne wat deesdae in pouses die lippe rooi en die dae koel hou. Die twee sê hulle het gehoor die seuns kla oor die hitte en het toe gedink dat roomys die oplossing vir die probleem kan wees. 1920 was bereid om ‘n ooreenkoms met hulle aan te gaan en verkoop nou die roomys namens dié twee besigheidsmanne. Hulle hoop om ook ná skool met dié besigheid voort te gaan, omdat dit ‘n vinnige en maklike manier is om ‘n geldjie te verdien.



# ‘N KAALVOETKIND SAL EK ALTYD BLY!

Henko Brits

Die eerste kaalvoetdag van 2021 het groot opwinding tot gevolg gehad. In moeilike omstandighede, met maskers oor die monde en neuse en handsaniteerder, kon die Affies hul tone en voete darem sonder enige komplikasies aan die buitelug voorstel.

Vanjaar is daar by die ingang van die skool betaal. Indien jy sonder grys kouse en swart skoene aan jou voete by die skool opgedaag het, moes jy R10 opdok voordat jy die skoolgebou kon binnegaan. Volgens me. Marlene du Toit is daar met dié poging altesaam R10 770 ingesamel, waarvan R10 000 na die Choc-kankerfonds oorbetaal is – ‘n hoogs suksesvolle poging!

Op die foto bo sit Llewellyn Ferreira, Damien Oosthuizen, Tian Muller, Luke Brand en Janno Bouwer.

# Melktertdag

Deon Spies



Josh Brand, Johan Greyling, Wilco de Bruyn, Jaensch Kritzinger, Marco Arndt, Stefan Greyling en Marcel Herschelman lê weg aan heerlike melktert.

Die nou reeds tradisionele melktertdag het vanjaar ‘n rekordgetal melkterte opgelewer. Affie-ma’s het meer as 500 melkterte kom aflewer. Nadat die seuns oorgenoeg gehad het, was daar nog baie van dié lekkerny oor, om aan die koshuis, personeel, wagte by die hek en inwoners van ‘n tehuis vir bejaardes te kan gee.

# "MOENIE AFFIES AS VANSELFSPREKEND AANVAAR NIE"

Affies se nuwe hoofman, Dillon Smith, was vanjaar die eerste hoofseun in 'n baie lang tyd wat reeds in die eerste rondte van die hoofleierverkiesing 'n volstrekte meerderheid gehad het – 'n goeie aanduiding van die steun wat hy geniet. *Stroom-op* se redakteur, Janno Bouwer, het met hom gesels.



**WAAR KOM JY VANDAAN?**
Ek bly al my hele lewe lank in Centurion en was in Laerskool Hennopspark.

**WIE IS JOU ROLMODEL?**
Die rugbyspeler Richie McCaw is een van my rolmodelle. Sy vasberadenheid en nederigheid is vir my besonders.

**WAT IS JOU PLANNE NÁ SKOOL?**
Ek beplan om BCom Beleggingsbestuur te studeer, maar die ideaal sal wees om iewers 'n kontrak te kry en professionele rugby te speel. Ek is nog nie 100% seker waar ek gaan studeer nie, aangesien dit alles afhang van 'n moontlike rugbyloopbaan.

**WAT IS JOU BESTE HERINNERING AAN AFFIES?**
Soos elke ander Affie seker vir jou sal sê, is dit maar moeilik om net EEN herinnering uit vyf jaar by Affies uit te sonder. Een van die beste oomblikke wat ek egter nooit sal vergeet nie, is sekerlik die 2020-atletiekinterhoër. Dit was besonders en beslis vuurmaakhout wat nog hoog sal brand in die oudag.

**WAT IS JOU BOODSKAP AAN DIE JONGER AFFIES?**
Om nooit enige dag by die skool as vanselfsprekend te aanvaar nie. Waardeer elke oomblik saam met jou broers, want niemand weet wat die dag van more inhou nie. Tweedens, maak seker dat julle die kosbare dinge van Affies help bewaar en behou. Laastens, sorg dat daar altyd 'n goeie gees in die skool is, want dít is die geheime sous wat Affies anders maak.

# Raakrugby: Onderwysers delf die onderspit

Jonty Bleeker



Mnr. Schalk Müller, Franco Lottering en mnr. Hanco Deale

Die eerste wedstryd op die Boereplaas is vanjaar op 22 April gespeel, maar die opponente was beslis meer bekend as wat jy sou dink. Te danke aan Reghardt Foord (graad 12) se inisiatief het die matrieks vir die eerste keer teen Affies se personeel raakrugby gespeel. Dit het gedien as geesvang vir die Witbulle se eerste wedstryd en die manne op die pawiljoen het behoorlik van hulle laat hoor. Ten spyte van die personeel se sterbelaaide span (bestaande uit verskeie voormalige Witbulle en 'n provinsiale speler), was dit die matrieks wat hulle 'n les geleer het met vier drieë teenoor drie.

Volgens die personeel was dit 'n uitmergelende wedstryd wat meer as 'n paar seer spiere veroorsaak het.

# Atletiekinterhuis 'n wegholsukses!

Jonty Bleeker



Die eerste seuns- en meisiesatlete het op 20 Februarie reeds vroegoggend vir die jaarlikse interhuis-atletiekbyeenkoms opgedaag. Streng Covid-19-regulasies is gevolg en die pawiljoene was dus leeg. Gelukkig kon selfs dié vreemde omstandighede nie eers die atlete se gees blus nie, met selfs 'n paar byeenkomsrekords wat in die slag gebly het. Na 'n lang dag waar elke Affie álles gee het, was dit Koshuis wat as wenners uit die stryd getree het en uiteindelik die beker omhoog kon hou.

# SA-atlete wys hul staal in die Paarl

Dertien atlete het Affies vanjaar in April by die ASA-kampioenskapbyeenkoms in die Paarl verteenwoordig en uitstekend gevaar.

Marx Nel (o/18) het in die 400 m-aflos 'n goue medalje verower, Van Reenen Kruger (400 m-hekkies, o/20) en Hencu Lamberts (gewigstoot, o/16) silwer en Johanré Pienaar (spiesgooi, o/18) en Jordan Meyer (gewigstoot, o/16) brons. Duncan Robertson (spiesgooi, o/20), en Hencu Lamberts (diskusgooi, o/16) was vierde in hul onderskeie items.



Voor sit Justin van Vuuren, Heinrich Davel, Tiaan de Wet en Johandré Pienaar. Agter is Tiaan Barkhuizen, Waldo Roos, Duncan Robertson, Wessel van der Nest, Marx Nel en Van Reenen Kruger. Anroux van Zyl en Hencu Lamberts hurk heel regs. Jordan Meyer was afwesig toe die foto geneem is.

# 'n Nuwe rekord vir blitsige Ntando



Affies se eie lemnaelloper, Ntando Mahlangu, het in April by die finaal van Atletiek Suid-Afrika se kampioenskap 'n nuwe wêreldrekord (1:44.99) in die T61-kategorie opgestel. Op die foto is Ntando saam met mnr. Jan Grabie (atletiekorganiseerder) en die wêreldbekende naelloper, Wayde van Niekerk.

# Chrisjan Maas gekies vir SA Ope
## 'n Blink toekoms wink...

Heinrich Immelman

Affies se nommer een speler, Chrisjan Maas, beleef tans 'n bloeitydperk op die gholfbaan. Hy het sy suksesvolle 2020-seisoen vanjaar met selfs beter uitslae voortgesit.

Hy verower die National Order of Merit Inland- sowel as die Gauteng-Noord Ope-toernooie, en volg dit op met 'n tweede plek in die Vrystaatse Ope waar hy die knie voor oud-Affie Dawid Opperman (2016) moes buig.

Die sprokiesverhaal gaan voort met Chrisjan se deelname aan die Suid-Afrikaanse Amateurkampioenskap by die Royal Johannesburg en Keningston Gholfklub van 14 tot 19 Februarie. Hy het ook dáár as wenner uit die stryd getree.

Al díe sukses op die gholfbaan het aan hom die titel as Suid-Afrika se nommer een-amateur besorg.

Op 26 Maart betree hy die baan saam met van die bestes in die Serengeti Pro-Am Invitational, 'n toernooi wat deel vorm van die Sunshine Tour, waar hy 'n topklas-vertoning gelewer het.

Gholf is egter darem nie net altyd harde werk nie! Chrisjan het op 30 Maart geleentheid gehad om saam met oud-Affie George Coetzee (2004) en mnr. Cobus Coetzee 'n rondte te speel. Daar is heelwat inligting uitgeruil en natuurlik ook oor toekomsplanne gesels – 'n goeie voorbeeld van hoe 'n oud-Affie steeds teruggee aan ons skool.


Chrisjan, mnr. Cobus Coetzee en George Coetzee


Chrisjan en oud-Affie George Coetzee toe Chrisjan in graad ses was.

# Witkolwe onoorwonne

Henko Brits



Die krieketseisoen het vanjaar op 'n ongewone tyd, maar teen 'n groot spoed begin! Aangesien die skole eers op 15 Februarie geopen het, kon die eerste wedstryde teen ander skole eers in die week van 10 Maart begin.

Die eerste wedstryde was teen Jeppe, 'n ou Johannesburgse opponent. Die Affie-spanne het die seisoen op 'n hoë noot begin deur al hierdie wedstryde te wen. Daarna het die fokus verskuif na die Engelse bure oorkant die treinspoor, waar Affies nege uit die elf wedstryde gewen het. Teen St Sithians het die rooibal weer in die Affie-guns geswaai toe slegs een span die knie moes buig.

In die week van 29 tot 31 Maart het alle Affie-krieketspanne weer kolwe gekruis met Boys High en die bordjies verhang deur dié keer álle wedstryde te wen!

In die laaste week voor die wintersportsoorte begin het, het die A-spanne ook teen skole in Pretoria deelgeneem en groot sukses behaal. Vir die laaste wedstryde van die seisoen het Affies vir KES die stryd aangesê. Slegs een span het verloor en vier wedstryde het as gevolg van swak lig onbeslis geëindig. Die Witkolwe was gedurende dié seisoen onoorwonne. Dit is vanjaar die eerste keer in 'n lang tyd dat die grootste deel van die eerste span uit matrieks bestaan.

# Swemmers presteer

Janno Bouwer

Die feit dat daar geen interhoër in die eerste kwartaal was nie, het die Affie- swemmers nie gekeer om te presteer nie.

Gavin Robberts, Chris Jan Daling, Adriaan van Niekerk en Eckard Jansen van Vuuren het almal aan die Vlak 3-kompetisie deelgeneem en uitstekend gevaar.

Markus Nel, Manus van Vuuren, Ricardo Rebelo, Chris Jan Daling, André van der Heever, Christiaan Esterhuysen en Markus Booysen het op hulle beurt aan die SA Junior Nasionale Kampioenskap deelgeneem en Hano Kruger, Janno Bouwer (foto regs), Manus van Vuuren, Richardt Beineke, Markus Nel en André van der Heever aan die SA Senior Kampioenskap.



Richardt Beineke en Ricardo Rebelo het ook in Maart op uitnodiging aan die Nasionale Oopwaterkampioenskap in Jeffreysbaai deelgeneem. Richard het vierde geëindig in die 7,5 km- en Ricardo was derde in die 5 km-afdeling.




# Dewald Brevis laat waai met die kolf

Foto: Sydney Mahlangu – BackpagePix, Cricket Fanatics Magazine

Janco Botes

Dit lyk of Affies se nuutste krieketster en Witkolf, Dewald Brevis, dalk in AB en Faf se spore sal kan volg. As deel van die Titans se O/19-span het Dewald in Februarie aan die Cubs Krieketweek in Stellenbosch deelgeneem, waar hy in vyf wedstryde 183 lopies teen 'n gemiddeld van 45,75 lopies per beurt aangeteken het.

Na dié suksesvolle week is hy gekies vir die Suid-Afrikaanse O/19-span en het hy saam met talent van regoor die land deelgeneem aan wedstryde teen senior provinsiale spanne.

Hy het vroeër vanjaar in twee driedagwedstryde teen Northerns en Western Province in Kimberley gespeel, asook in drie eendagwedstryde teen Northerns, Western Province en Northern Cape.

# *Tennisspelers* gee mekaar opdraande

Janco Botes

Affies het reeds vroeg vanjaar sy interne tenniskampioenskap afgehandel. In die junior afdeling het Josua Markram en Jewan Labuschagne (albei in graad 9) na die finaal deurgedring, waar Jewan die twee stelle gemaklik met 6-3 en 6-2 gewen het. In 'n herhaling van 2020 se finaal, het Jean Badenhorst (graad 11) en Gustav Hefer (graad 12) mekaar weer in die senior afdeling teëgekom. Jean het in 2020 as kampioen uit die stryd getree en, nadat hy die eerste stel 6-2 gewen het, het dit gelyk asof hy die prestasie sou herhaal. Gustav het egter in die tweede stel teruggeveg en dit 6-3 gewen. Met die finale spel op 4-1 in Gustav se guns moes Jean weens 'n besering onttrek. Gustav is dus die 2021-kampioen en is ook gekies as kaptein vir die eerste tennisspan.



Jean Badenhorst en Gustav Hefer

# Dirigente deur die jare

Die dirigente van 2021 is onlangs aangewys. Hulle is Matthew de la Port, Damian Oosthuizen, Jaco Potgieter, Tian Muller en Schalk Engelbrecht. Weens Covid-19 en die gebrek aan toeskouers kon hulle nog nie werklik hulle slag wys nie. Hieronder is klompie dirigente uit die verre verlede.



















# TENNIS IN STELLENBOSCH

Affies se tennisspelers het in April aan die Gerrie Berner-toernooi by Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch deelgeneem. Die span verloor met 6 wedstryde teen 1 teen Grey Kollege en ook met 5 wedstryde teen 2 teen Paarl Boys' High. Daarna klop AHS Kearsney College met 6 wedstryde teen 1, Oakdale met 6 wedstryde teen 1, Waterkloof met 4 wedstryde teen 0 en Outeniqua met 4 wedstryde teen 0. Affies eindig algeheel in die vyfde plek.



Voor sit Heinrich Lindeque, Petri Jansen van Rensburg, Gustav Hefer (kaptein), mnr. David Jaquire en Jan-Johan Beukes. Agter is Bernard Jansen van Vuuren, Jean Badenhorst; Heinrich Immelman en Stephan van Niekerk.

## *Noord-Suid Rugby by AHS aangebied*



Affies het in April, ten spyte van streng Covid-maatreëls, 'n baie suksesvolle Noord-Suid Rugbytoernooi aangebied. Agtien hoërskole en 'n magdom laerskoolspanne het met groot geesdrif kom deelneem.

Affies het drie van hul vier wedstryde gewen. (*Stroom-op* sal in die volgende uitgawe volledig oor rugby en die ander wintersportsoorte berig.)

## Hokkie

Die eerste hokkiewedstryde van die jaar was einde April teen Zwartkop en Garsfontein. Van die A-spanne het ook in die vakansie aan die Hockey Junction Toernooi in Johannesburg deelgeneem. Die o/14's het eerste geëindig, die o/16's derde en die Witstokke tweede.

## Skaak

Hein van Rooy en Daniel du Toit (albei in graad 11) het Noord-Gautengkleure vir skaak verwerf. Al Affies se skaakspanne is tans hard aan die oefen vir ligawedstryde wat binnekort begin.

## Waterpolospanne op dreef

"Die kwartaal was kort en effens deurmekaar, maar ons het dit maak werk by waterpolo," sê mnr. Ferdi Postma, organiseerder van dié sport.

Daar is geoefen en interne wedstryde gespeel en die o/14-spanne het proewe gespeel. Die o/15, o/16 en ope proewe sal gedurende Augustusmaand gehou word.

Die enigste wedstryde tot dusver was dié teen Boys High in April, waar Affies se spanne uitstekend gevaar het.

# Nuwe Affie-winkel het iets vir almal

Ignus Ferreira

Affies se klerebank is van die einde van 2020 af in privaatbesit en heet nou die Affie-winkel. Amper alles wat elke Affie kan nodig hê, is nou hier op die terrein beskikbaar – skoolhemde, broeke, kouse en selfs Grasshopper-skool-skoene! Daar is ook 'n paar nuwe produkte beskikbaar soos die Affie-skooltasse, waarmee baie van die graad 8's deesdae gesien word, sowel as AHS-oortrekpapier, -maskers en alle -sportdrag. Aanlyn bestellings maak dinge nóg makliker en jou bestelling kan by die skool afgehaal word óf by jou voordeur afgelewer word. Al wat jy hoef te doen, is om na Affies se webtuiste te gaan, op skoolinligting te kliek en dan die Affie-winkel-opsie te kies.




Van links is Caitlona Peake, Pieter-Jan Hough (oud-Affie) en Nadine Hough.

# VALENTYNSDAG MET 'N VERSKIL

Reenen Herbst



Weens Covid-19 kon die gewone vrolike Valentynsdagvieringe saam met AHMP vanjaar nie plaasgevind nie. Onder leiding van Wilhelm Warmenhoven het die matriek-Affieraad egter 'n spesiale film vir die meisies gemaak wat groot aftrek op sosiale media gekry het. Op die foto bo is mee. Martina de Vos en Gene van Wyk met die liniaaltjies wat as geskenk aan die meisies gestuur is.

# OOP HANDE!



AHS en AHMP werk tans saam om plastiekdoppies te herwin waarvan die fondse aangewend word om rolstoele aan minderbevoorregte gestremdes te skenk. AHS het reeds 100 kg doppies ingesamel, maar 450 kg doppies is nodig om vir een rolstoel te betaal.




Die eerste Gee-week vir 2021 was van 23 tot 26 Maart en ouers het groot hoeveelhede nie-bederfbare kos sowel as klere, komberse, linne, skoene en warm baadjies geskenk om nood in die arm gemeenskappe in die Weste van Pretoria te verlig.

Affies is nou ook in vennootskap met Terugploeg, 'n organisasie wat sy ontstaan in 2020 tydens die grendeltyd gehad het. Seuns kon die skenkings soggens voor skool in die Terugploeg-waentjie by die toetsstasies pak en daar is twee gróót vragte kos en klere by Laerskool Generaal Nicolaas Smit afgelaai.

Op die foto bo is Kruger du Toit, besig om die waentjie te help laai.

# Liefde uit 1931!




Jonty Bleeker is die trotse eienaar van 'n Affie-jaarblad van 1931, nadat sy oupa dit in 'n ou kas ontdek en aan hom geskenk het. Die boekie is propvol interessante staaltjies, opstelle, gedigte en foto's. Hieronder is 'n gediggie onder die skuilnaam Nassa, wat dalk veral op Valentynsdag van toepassing kan wees.

**NET EEN!**

Daar's baie soorte visse,
Ontelbaar, in die see.
Va' al die baie visse
Leef daar vir my g'n twee.

Die see het nie net visse,
Maar krappe ook daarby!
Dis hulle wat jou hoeke
Soms in hul knypers kry.

Al is daar soveel visse,
Wat moet ek met hul maak?
Daar's tog maar een klein vissie
Die vissie na my smaak.

# "SLOT"-PARAGRAAF

Jonty Bleeker

Elke slot het sy sleutel – hiervan kan mnr. Handri Bezuidenhout (faktotum) jou verseker. Om slotte te vervang, kan 'n duur storie word en mnr. Bezuidenhout het 'n plan gemaak.

Met sy aankoms by Affies in 2016 het hy by die koshuis begin werk en duisende sleutels in ou melkemmers en koffieblikke gevind. Hy het be"sluit" om 'n plan te maak en 'n sleutelprojek begin. Hy beskik tans oor 'n versameling van meer as 5 000 sleutels wat, danksy onderwysers, steeds groei. Dit spaar die skool sowat R28 per sleutel en meer as R65 per slot wat andersins vervang sou moes word.

Interessante skatte is al met vreemde sleutels ontdek en selfs die koshuisvader se buitehek is na agt jaar weer oopgesluit. Hierdie projek het 'n 90%- suksessyfer.

